

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 2 BOEDELS

19 FEBRUARIE 2020

14:00-16:15

Totaal: [100]

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan.

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.
3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Kandidate hoef nie 'n mondeling af te lê as 50% of meer behaal is nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede. Kandidate wat minder as 40% behaal, kwalifiseer nie vir 'n mondeling nie en het in hierdie afdeling gedruip.

VRAAG 1**[10]**

Mike Mkhize sterf intestaat. Hy word oorleef deur sy drie eggenotes Lindi, Monica en Ella met wie hy getroud was volgens gewoontereg, buite gemeenskap van goedere en sonder die aanwasbedeling. Mike word verder deur die volgende persone oorleef:

- (i) sy dogters Fikile en Stella uit sy huwelik met Monica;
- (ii) sy seun Bongani uit sy huwelik met Lindi wat daarop aandring dat as die enigste seun van die oorledene hy volgens gewoontereg op die hele boedel van sy vader geregtig is;
- (iii) sy ouers Xolane en Lizie wat al die begrafniskoste betaal het en wat ook volhou dat hulle geregtig is op die boedel van hulle seun, Mike. Sy boedel se netto-waarde is R1 470 000.00 (Eenmiljoen Vierhonderd-en-sewentig duisend Rand) en bestaan slegs uit kontant.

Adviseer die Mkhize-familie oor wie Mike se erfename is en hoeveel elk erf. (Verduidelik waar nodig).

VRAAG 2**[10]**

- 2.1 U tree op vir 'n kliënt wat 'n gelikwiderde eis teen 'n bestorwe boedel het. U stel vas dat die tydperk vir die indiening van krediteure se eise verstryk het. Welke advies gee u aan u kliënt? (3)
- 2.2 Die Eksekuteur ontvang die eis maar betwyfel of dit toegelaat kan word. Welke stappe behoort die Eksekuteur te doen om die kwessie te besleg? (5)
- 2.3 Hoe adviseer u die kliënt as die Eksekuteur die eis verwerp? (2)

VRAAG 3**[12]**

Brian het op 13 Januarie 2018 'n testament verly waarkragtens hy sy boedel aan sy vrou Pretty, bemaak. Brian en Pretty wat buite gemeenskap van goedere getroud was, is op 24 Mei 2019 geskei.

Brian tree op 25 Junie 2019 in die huwelik met Maria en sterf sonder kinders op 11 Julie 2019.

Verduidelik met betrekking tot die testament wat meer as een bladsy beslaan, die volgende:

- 3.1 Waar op die testament moet die getuies onderteken? (2)
- 3.2 As Brian by wyse van 'n merk onderteken, moet 'n sertifikaat ingevolge Artikel 2(1)(a)(v) van die Wet op Testamente 7 van 1953 aangebring word:
 - (a) deur wie? (1)

- (b) waar op die testament? (2)
- (c) waar moet die beampte wat sertifiseer, teken? (1)
- (d) wat moet gesertifiseer word? (2)

6.3 Hoe word Brian se boedel verdeel? (5)

VRAAG 4

[68]

Samuel Maree, ongetroud, sterf op 15 Januarie 2019, intestaat. Hy word oorleef deur sy vriendin Hany en sy jonger broer Jeff, gebore op 13 Maart 1982. U word aangestel as prokureur om met die beredding van die boedel te help. U is geregistreer vir BTW.

A. Die ondervermelde bates word in die boedel gevind:

1. Die woonhuis waarin hulle woon en wat gelykop op die name van die oorledene en sy vriendin geregistreer is. Geswore waardasie is R850 000.00.
2. Die opbrengs ten bedrae van R225 000.00 van 'n Liberty Life lewenspolis op sy lewe betaalbaar aan sy boedel.
3. Opbrengs ten bedrae van R240 000.00 van 'n Sanlam lewenspolis op die oorledene se lewe. Jeff het die polis uitgeneem. Die premies is deur Jeff betaal en die premies plus 6% rente beloop op datum van afsterwe R15 000.00. Die opbrengs is aan Jeff betaal.
4. 'n Ou Mutual lewenspolis op Jeff se lewe vir R600 000.00 en wat afgekoop word teen R150 000.00.
5. Meubels gewaardeer teen R160 000.00.
6. 'n Toyota Corolla in die naam van die oorledene gewaardeer teen R295 000.00. Die eksekuteur verkoop die voertuig uit die hand teen 'n verlies van R7 500.00 op 5 Maart 2019. Die opbrengs word dieselfde dag in die boedelbankrekening gedeponeer.
7. Die oorledene het R200 000.00 by TYME Bank belê. Die eksekuteur maak die belegging te gelde vir R224 000.00 waarvan R8 500.00 na-doodse rente is.
8. 700 aandele in LRM Bpk, 'n maatskappy wat op die JSE noteer is en deur 'n aandelemakelaar soos op datum van afsterwe teen R175 000.00 waardeer word. 'n Dividend van R15.00 per aandeel word verklaar en dit word op 2 Mei 2019 uitbetaal. Die makelaar se waardasiefouti beloop R1 500.00.
9. 'n Lening verskuldig deur sy vriendin Hany ten bedrae van R17 000.00.

10. 255 aandele van R2.50 elk in TOK (Edms) Bpk. Die ouditeur waardeer dit teen R1 000.00 per aandeel (goedgekeur deur die Hoof Inkomste Inspekteur) soos op sterfdatum. Dit word tydens bereddering verkoop teen 'n wins van R20 000.00.
11. 'n Bedrag van R18 257.50 is kragtens die finale inkomstebelasting aanslag aan SAID verskuldig.
- B.** Die oorledene se vader Gabriel Maree wat op 3 April 1995 oorlede is, het in sy testament die plaas Oranges aan die oorledene bemaak onderhewig aan die bepaling dat dit na Samuel se dood na sy ander seun Jeff Maree, moet gaan. Die plaas is op 15 Januarie 2019 teen R900 000.00 waardeer. In die Boedelbelastingaddendum mag die *Fideicommissum* wat ten einde kom egter teen die bedrag van R876 482.64 gewys word. Waardasiekoste bedra R3 500.00 en transportkoste R20 275.00.

Laste, eise en administrasiekoste beloop R150 000.00.

Stel die hele Likwidasië- en Distribusierekening in die bestorwe boedel van Samuel Maree wat by die Meester van die Hoë Hof ingedien moet word, op. Spesifiseer die vereiste uitgawes. Gebruik fiktiewe inligting waar nodig.

- DIE EINDE -

LAW SOCIETY
OF SOUTH AFRICA